Donderdag **14 Maart**
**Skrifgedeelte: Kolossense 1:21-23**
**Fokusgedeelte: Kolossense 1:21-23**
**Troos**

Nadat Paulus ons deur die Gees as't ware na die hemel gevat het om ons Here Jesus Christus in sy Goddelike glorie te sien, in sy volkome heerlikheid as God self (1:15-17) en ook in sy redding en bewaring van sy kerk vir ons bevestig (1:18-20), dan skryf hy verder vir die gelowiges in Kolosse, wat ook uit die nie-Jode bestaan het (vs 21) en vervreemd was van God weens hulle sonde. Hy skryf vir hulle dat in Jesus hulle nou versoen is met God, dit is die evangelie in 'n paar woorde, daar is nou geen meer veroordeling of vrees nie, dit is hulle groot geskenk en Troos in en deur Jesus Christus.

En die vrug van daardie Troos is dat die gelowiges nou alles ontvang het om "sonder gebrek en onberispelik" te wees in hulle lewe daar in Kolosse tot eer van die Here (sien ook Ef. 1:4). Met ander woorde, daar is nie nodig om nog iets bygevoeg te word tot hulle saligheid, soos die dwaalleraars beweer nie, Christus is genoeg vir hulle ewige geluksaligheid, asook hulle dankbaarheidslewe hier op aarde tot die einde toe. Ook ons geliefdes en alle gelowiges deel in hierdie wonderlike troos, die woorde van vers 21, naamlik: ons is "nou" versoen! Daarin hoor ons Jesus se kruiswoorde tot eer van sy Vader, en tot redding van sy kinders deur alle tye, eeue en plekke: dit is volbring (Joh. 19:30).

En wat is dan die vrug van hierdie Troos? Dit is om teenoor die leuens en dwalinge wat ons wil laat wegbeweeg van die waarheid van die evangelie (1:5), ook vandag nog, in ons enigste Troos "gegrond en vas (te) bly in die geloof en julle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie, wat julle gehoor het en wat verkondig is in die ganse mensdom onder die hemel, waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het" (1:23).

*Sing: Psalm 110-1:3, 4*

*Ds. S (Slabbert) Le Cornu (Carletonville)*